# GISTER, VANDAG EN MÔRE

PROF. DR. A. D. PONT

**Toespraak gehou by die fees ter herdenking van die vyf-en-sewentig-jarige bestaan van die Nederduitsch Hervormde Gemeente, Wolmaransstad, 22 April 1967.**

Dit is 'n lang pad waarop die gemeente van Wolmaransstad vandag kan terugkyk. Die beginpunt van die gemeente se selfstandige bestaan, 26 April 1892, lê vir ons gevoel baie ver terug. Dit is ook verstaanbaar want in 'n jong land soos Suid-Afrika is vyf-en-sewentig jaar 'n baie lang periode. Daarby kom dat die afgelope vyf-en-sewentig jare juis van dié jare is wat gelaai was met gebeurtenisse. Mens kan hier maar slegs dink aan die swaarkry-jare van kerk en volk wat begin het met die oorlog van 1899 tot 1902, 'n oorlog wat begin is as 'n stryd teen die imperialisme van Engeland, 'n oorlog wat in sy gevolg ons volk stoflik tot die bedelstaf verarm het, ons onnodiglik beroof het van 26,000 vroue en kinders en die dood van ongeveer 6,000 vegtende burgers beteken het. Dít was 'n knou in die jong jare van ons volk waarvan die gevolge nooit presies bereken kan word nie. Dan kan daar op die staatkundige vlak gedink word aan dinge soos die rebellie van 1915, die verset gedurende die laaste Wêreldoorlog — pogings wat die Afrikaner aangewend het om temidde van druk en verguising sy selfrespek en eie identiteit te beklemtoon. Daarnaas kan mens in herinnering roep die droogte en depressie van die dertigerjare, 'n gebeure waarvan ons, danksy die bevolkingsverskuiwing wat dit meegebring het, nog die naweë ondervind. Naas hierdie gebeure van die verlede wat die volk en daarom ook die kerk beproef het, kan mens egter ook dink aan die tye van welvaart en voorspoed en oorwinning. Deur hierdie jare wat agterlê het kerk en volk die land pad sáám geloop, het dit by voortduring duidelik geword dat die kerk die laaste vesting, die sterkste bolwerk van die Afrikaner is. Vanuit die kerk is die Afrikaner se christeliknasionale strewe steeds weer gesuiwer, geformuleer en dinamies uitgedra sodat die Afrikanervolk, in sy strewe om sy eie te behou en uit te bou, nooit sonder die kerk of los van die kerk geleef het nie. Dit is miskien één van die onderskeidende kenmerke van die Afrikaner dat in die negentiende en die beginjare van die twintigste eeu, toe in die meeste protestantse lande die kerk al meer en meer op die agtergrond geraak het, al meer en meer lidmate verloor het aan anti-christelike geestesstrominge,

die kerk hiér sy sentrale plek in die lewe van die volk nie alleen behou het nie, maar dit ook bestendig het. Mens sal vandag die stelling kan verdedig dat die Afrikaner, buite die kerk van sy vadere, nié meer werklik Afrikaner is nie. Só nou, só heg is die verbondenheid van die kerk en die volk in wie se midde die kerk die onveranderbare Woord van God suiwer en reg verkondig.

Daarom is dit goed as die gemeente van Wolmaransstad en die gemeenskap van hierdie dorp feesvier op hierdie dag en om dan ook 'n poging aan te wend om die geskiedenis van die gemeente weer na vore te haal en te verstaan. Dit is nodig dat die pad waarlangs gekom is in oënskou geneem sal word sodat die gemeente die toekoms kan ingaan volgens die riglyne wat reeds in die verlede aangelê is. Immers, die kerk is nié 'n rewolusionêre mag nie. Kontinuïteit met die verlede, hervorming in plaas van rewolusie en bowe-al voortdurende gehoorsaamheid aan die onveranderlike Woord van God is die kenmerk van die kerk se lewe in die wêreld.

Dit blyk óók uit die geskiedenis van hierdie gemeente. Die begin van die gemeente was maar baie beskeie. 'n Erediens op die plaas „Welverdiend" van W. C. de Beer gelei deur ds. Jac. van Belkum. Daar is as eerste ouderling Georg Sebastian Niewoudt (wat in die omgang bekend gestaan as Swart Org) en die reeds vermelde Wessel Cornelius de Beer as diaken gekies. Kort daarna, in November 1892, is ouderlinge J. G. Waldeck en G. J. R. Coertze en diakens P. J. Geldenhuis en F. C. de Beer tot die kerkraad toegevoeg. Merkwaardig is dat betreklik gou nà die stigting van die gemeente daar al 'n eerste kerkgebou opgerig is waarvan die hoeksteen al in Oktober 1893 gelê is en die inwyding op 26 Mei 1894 kon plaasvind. Die gemeente van ongeveer 350 lidmate was destyds, soos so baie Nederduitsch Hervormde gemeentes na die „kerkvereniging" van 1885, 'n konsulentsgemeente. Dit het dus beteken dat die kerkraad tesame met die lidmate baie van die gereëlde dienste van 'n herder en leraar moes ontbeer. Uiteraard het hierdie situasie hoë eise aan sowel die lidmate as die kerkraadslede gestel. Die konsulent-predikant van Wolmaransstad was ds. Jac van Belkum, destyds predikant van die kombinasie Rustenburg-Marico. In feite was ds. van Belkum egter die diensdoende predikant van al die Hervormde gemeentes in Wes-Transvaal saam met ds. C. W. du Toit van Potchefstroom. Met groot toewyding en bekwaamheid het ds. van Belkum die opbou, op geestelike en stoflike vlak, van die gemeentes in Wes-Transvaal na die „kerkvereniging" ter hand geneem. Hoewel hy 'n Nederlander was

en gebly het, het hy hom ingeleef in die nasionale en kulturele strewe van die Afrikaner, hom daarmee vereenselwig en na die beste van sy vermoë die geestelike welsyn van kerk en volk gedien. Ds. van Belkum het in sy evangelieverkondiging en kerklike arbeid nooit getrag om die kerk tot iets anders te maak as dié liggaam wat geroep is om die evangelie te hoor, te gehoorsaam en uit te dra nie. Wars van die destydse voorkomende metodistiese en teologies-liberale denke het hy die evangelie na die riglyne van die Bybels-reformatoriese teologie uitgedra en dié ortodokse geloof deur sy prediking in die kerk bestendig en uitgebou. Onder dié positiewe leiding van ds. van Belkum en in die besonder deur die werksaamhede van die Kerkraad wat hulle verantwoordelikhede in die gemeente nagekom het, het die gemeente gegroei en vooruitgegaan. Net voor die Driejarige Oorlog was die gemeente, in kombinasie met Klerksdorp en Venterskroon, op die punt om 'n eie predikant te beroep. Die oorlog het hierdie plan, netsoos baie van die ander planne wat daar in die kerk en gemeentes was vir die vooruitgang en groei van die kerk, verydel. Die oorlog het sy spoor van vernietiging ook in hierdie gemeente gelaat waar die kerkgebou deur die troepe van beskaafde Engeland agtereenvolgens as fort, as perdestal en as hospitaal gebruik is.

Die moeisame heropbou van die verslane Boerevolk nà die verwoestende oorlog, stoflik sowel as geestelik, is wat die gemeente van Wolmaransstad betref, gelei deur die predikante ds. A. Murray van Rustenburg wat konsulent was van 1903 tot 1908 en ds. K. T. van den Heever wat daarna tot 1916 dié taak op hom geneem het. Uit daardie dae moet ook die name genoem word van ouderling Gert van Vuuren en diaken Gert Rossouw wat gekeer het dat die gemeentelike eiendomme nié verkoop is nie en die gemeente daardeur as 't ware opgehef sou word nie. Dit is met bewondering wat mens kennis neem van hierdie vashoudendheid en standvastigheid want na die mens gesproke was daar in 1908 byna geen ander moontlikheid vir die gemeente as om opgehef te word en te amalgameer met die groter buurgemeente Witpoort (Bosmansrus) nie. Tog het die gemeente weer gegroei, só dat in 1910 'n tweede en nuwe kerkgebou opgerig kon word op 'n stuk grond wat Wessel de Beer aan die gemeente gegee het. Merkwaardig is dit om daarop te let dat die gemeente gedurende hierdie jare nog steeds nie weer dieselfde getalle gehad het as voor die Driejarige Oorlog nie.[1])

---

[1]) In 1896 het die gemeente bestaan uit 355 lidmate en 544 kinders, in 1916 uit 250 lidmate en 266 kinders.

Uiteindelik is die noodsaaklikste tog voorsien — 'n doelmatige kerkgebou, 'n vaste konsulent-predikant om op gesette tye die godsdiensoefeninge in die gemeente te lei, 'n kerkraad wat alles in hulle vermoë gedoen het om die gemeente te lei en te versorg, 'n gemeente wat met offervaardigheid en toewyding gedoen het wat nodig was om die Nederduitsch Hervormde Kerk te bou en te bestendig.

Eers in 1934 is ds. F. J. Z. Booysen as eerste predikant van Wolmaransstad met 'n perdekommando, onder blyke van groot vreugde, vyf myl buite die dorp ontmoet en onder groot belangstelling in sy ampswerk bevestig. Nà hom het daar, onder andere, ds. J. D. Storm, ds. M. M. Grobler, ds. P. A. R. C. van Wyk en ds. J. C. de Lange as dienaar van die Goddelike Woord gearbei. Saam met die name van hierdie predikante sou ook 'n hele reeks name van toegewyde en getroue kerkraadslede en gemeentelede genoem kan word. Mense wat deur hulle dienswerk en offerbereidheid groot en klein bydraes gelewer het tot die groei en vooruitgang van die gemeente op stoflike en geestelike gebied [2])

Dit is goed as ons in gedagte sal hou dat ons kerk in die algemeen, netsoos die gemeente Wolmaransstad in die besonder, oneindig baie te danke het aan die ouderling en diaken, die gemeentelike ampsdraer wat, dikwels met groot persoonlike opofferings, sy dienswerk getrou en volhardend verrig het tot opbou van kerk en gemeente. Ook hier in Wolmaransstad was dit die ouderlinge wat, by afwesigheid van 'n vaste predikant, die geestelike leiding moes neem, wat eredienste moes lei, begrafnisse moes hou terwyl hulle op stoflike vlak moes toesien dat die gemeente nie agteruitgaan nie. Miskien het dit daartoe bygedra dat daar 'n tyd was toe ons kerk se aandag hoofsaaklik na binne gerig was, bepaal deur die noodsaak om bymekaar te hou en veilig te bewaar. Maar juis dit het ook sy stempel geplaas, nie net op die kerk en sy gemeentes alleen nie maar ook op die breër volksgemeenskap en die gesonde konserwatisme, wat so 'n kenmerk van die Afrikaner is, bestendig.

Naas al hierdie uiterlike en histories-aanwysbare gebeurtenisse wat ons vandag gedenk, is daar nog 'n ekstra faktor, as dit so genoem mag word, wat nooit uit die oog verloor mag word nie. Immers die merkwaardige, die eiesoortige van 'n gemeente se geskiedenis lê nie in die eerste plek by die mense in die gemeente nie maar by iets wat meer en groter as die mens is.

---

[2]) P. J. Rossouw. **Iets oor die Stigting en verdere groei van die gemeente Wolmaransstad,** Krugersdorp 1967.

Want dit is en bly so dat 'n gemeente en die kerk alleen reg op bestaan en voortbestaan het solank as wat die gemeente of kerk sy dienswerk in en terwille van die wêreld verrig. Dié dienswerk van die gemeente is om die Woord van God, die evangelie van Jesus Christus, die goeie boodskap van Gods ontferming oor die mens nie net te hoor en te glo en gehoorsaam te wees nie maar ook om dit uit te dra en uit te leef in die wêreld. Dáárom is die geskiedenis van 'n gemeente nie net die verhaal van mense en wat hulle gedoen en nagelaat het nie, maar is dit bowe-al die geskiedenis van die pad waarlangs die Here God, deur Sy Woord en Gees, die gemeente gelei het. As daar vandag teruggekyk word op die verlede dan gaan die dankbaarheid nie net uit na die aardse vadere nie, vir wat hulle gedoen en gewerk en gebou het nie, maar bowe-al gaan die dankbaarheid uit na die Here God. Dit is in laaste instansie Hy wat gelei het, Sy krag het versterk, Sy Woord was die lamp op die pad en die lig voor die voet. Juis deur die dankbaarheid so te rig, sal die gemeente ook sy belydenis van wat die middelpunt van die lewe van die gemeente is, na vore bring. Immers die diens van God in trou en waarheid is die essensiële in die lewe van die gemeente. Val dit weg en alles wat dit inhou, dan verloor die gemeente die sin en betekenis van sy bestaan op aarde.

Miskien is dit nodig om te stel dat baie van die uiterlike dinge in die lewe en werk van die gemeente belangrik is. Byvoorbeeld die noodsaaklikheid om finansieel selfversorgend te wees, om te sorg vir 'n plek van aanbidding en derglike meer. Inderdaad is die pragtige kerkgebou wat hier staan, hierdie netjiese saal waar ons byeen is, die gerieflike pastorie, almal tesame bakens van die gemeente se offerbereidheid, werklus en trou. Tog sal hierdie uiterlike tekens van welvaart en voorspoed hulle betekenis verloor as dit nie ook tekens is van die gemeente se geroepe wees om in die diens van die evangelie van Jesus Christus te staan nie. Die eerste en belangrikste dienswerk van die gemeente is en bly tog om die Woord van God te hoor en dit gehoorsaam te wees, om in trou aan die belydenis van die kerk en in dankbaarheid teenoor God daardie evangeliewoord uit te lewe en verder te dra. Daarom is die kerkgebou en al die ander slegs sinvol in die lewe van die gemeente as dit bruikbaar is en gebruik word om hierdie dienswerk van die gemeente te bevorder. Sonder teenspraak kan seker gestel word dat die hart van die gemeentelike lewe die erediens is, die gereëlde godsdiens-**oefening.** Want dáár hoor die gemeente die Woord van God, daar word die gemeente opgeroep tot geloof

en bekering, daar word die gemeente onderrig ten opsigte van sy dienswerk in en aan die wêreld. In die godsdiensoefening beleef die gemeente die essensiële van sy aarde bestaan in prediking, belydenis, gebed en lofsang. Dit is die hart van die gemeente èn sy lewe op aarde. Omdat dit so is, omdat die lewe en voortbestaan van die gemeente so afhanklik is van die Drieenige God, dáárom is die geskiedenis van die gemeente méér as die geskiedenis van mense. Dit is die geskiedenis van God se trou, lankmoedigheid en genade. As ons dus op hierdie dag dankbaar is vir die vyf-en-sewentigjarge bestaan van die gemeente en dit met vreugde vier, is ons dank en ons lof in die eerste plek tot God gerig. As ons, terselfdertyd, in dankbaarheid en piëteit die aardse vadere gedenk wat ons in hierdie gemeente voorgegaan het, dan dank ons God wat aan hierdie gemeente manne èn vroue gegee het wat in trou en vashoudendheid die gemeente gebou en gelei het.

As dan so teruggekyk word op die verlede is dit vanselfsprekend dat die verlede nie sommer maar net 'n stuk geskiedenis is van iets wat verbygegaan en nou waardeloos geword het nie. Die verlede is en bly 'n stuk lewende verlede omdat dit 'n bevestiging is van ons geloof in die leiding en bewaring van God; omdat dit ons leer dat Gods Woord die enigste sekere gids vir die mensekind op aarde is, omdat die voorbeeld van die vadere vir ons nie net tot lering maar ook tot inspirasie kan wees, omdat dit ons aandui waar die grondslae van ons lewenshouding lê waarvandaan ons die toekoms moet bou. So gesien kan juis die verlede van die eie gemeente baie in die hede beteken en kan dit verseker dat ons die toekoms tegemoet gaan in kontinuïteit met ons verlede. Die verlede is daar as 'n lewende herinnering en dit kan in die hede juis vir ons aantoon welke geestesgoedere ons ontvang het wat ons, op ons beurt, weer moet oordra aan die opkomende geslagte. Die geskiedenis is nooit 'n vervelige, oninteressante verhaal van iets wat verbygegaan het en wat ons nou maar so gou as moontlik moet vergeet nie. Die verlede, die geskiedenis, is dit wat ons aantoon waar ons vandaan kom, wat ons geestelike erfenis is, hoe ons die leiding van God kan verstaan, en dit moet altyd deel vorm van ons kompas waarmee ons ons pad in die hede suiwer kan hou so dat ons lewe nou in die verlengstuk lê van die lewe gister.

As ons die verlede so verstaan, dan is dit miskien ook goed om, baie kortliks en sketsmatig, na te gaan wat ons as die belangrikste geestelike erfenis uit die verlede moet beskou. As

ons hieroor sekerheid kry, dan kan ons in die hede ook duidelikheid hê waarmee ons ons weg na die toekoms moet bepaal. As antwoord op die vraag wat ons van die vadere geërf het, sou dan as eerste gestel kan word: die kerk èn alles wat dit beteken. Kort saamgevat is dit die Woord van God èn die lewenshouding om daardie Woord te hoor, te lees en te gehoorsaam. Hoewel dit so is dat die geloof primêr 'n gawe van God is waarvoor ons Hom dankbaar bly, is dit tog ook so dat ons, as dit goed was, van ons ouers en die ouer geslag 'n eerbied en respek en vertroudheid met daardie Woord geleer is. Van hulle het ons geleer die toewyding aan die godsdiensoefening, in die kerk en by die huis. Dit is 'n bepalende deel van ons geestelik-kulturele erfenis, 'n erfenis wat 'n duidelike stempel op die gemeente en op ons as Afrikaners, geplaas het. Hiermee saamgaande sou gestel kan word ons lojaliteit en trou teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk, die kerk van ons vadere wat, soos ons dit ook bely, 'n openbaring is van die een, heilige, algemene christelike kerk. Hoewel ons weeet en besef dat ons saam met die N.G. Kerk en die Gereformeerde Kerk dieselfde geloofsbelydenis besit, hoewel ons weet dat ons saam met die lidmate van daardie kerke deel is en bly van een volk, hoewel ons aanvaar dat ons meer dinge gemeenskaplik met die „susterskerke" besit as wat daar dinge is wat ons op organisatoriese vlak verdeel, tog is dit so dat ons éérste liefde en lojaliteit op hierdie vlak opgeëis en gegee word aan ons eie kerk. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het sy eie verlede wat ons nie kan of wil afsweer nie en uit die beste van daardie verlede wil ons die toekoms bou. Daarom wil ons hierdie kerk, waarvan hierdie gemeente 'n lewende deel is, dien met dieselfde opoffering en trou as die vadere terwyl ons weet dat as ons in die klein dingetjies getrou bevind word, ons in die grotere nié sal faal nie. Trou aan ons kerk, lojaliteit aan die verlede van die kerk beteken juis dat ons wil leef in kontinuiteit met ons eie verlede. Die beteken op sy beurt weer dat ons die kerk nie net sal aanvaar as die draer van die Woord nie maar die kerk ook sal bly waardeer as die geestelike tuiste en kragbron van die Afrikaner. Immers in ons geskiedenis was dit altyd weer die kerk wat die Afrikaner getroos en gelei het met die Woord van God as rigsnoer, dit was die kerk wat behou en gehandhaaf het, dit was die kerk wat die pad vorentoe verken het in die lig van die Woord, dit was die kerk wat aan die Afrikaner die geestelike ruspunt gebied het waar hy nie alleen deur die Woord onderrig en gekorriseer is nie maar waar hy ook die menslike sekerheid kon vind dat sy koers en strewe in Suider-Afrika sui-

wer en eerbaar is. Dit was die kerk wat die Afrikaner se strewe en doelstelling gekontroleer en in lyn met die eise van Gods Woord gebring het, nooit andersom nie!

Saam met die kerk het ons van die vadere die belydenisskrifte van die kerk geërf, die samevatting uit die Woord van wat ons bely en glo. Dit is die opsomming van wat ons as enkeling sáám met die kerk glo. Dit is die belydenisskrif wat nie alleen ons geloof uitgedruk en die inhoud daarvan weergegee het nie maar wat ons ook in staat gestel het om dit wat nié in ooreenstemming met die Woord van God is nie, te identifiseer en te verwerp. Die belydenisskrifte, hoewel hulle deesdae soms op die agtergrond van die kerklike lewe raak, is van die kosbaarste kleinode wat ons van die vadere geërf het. Alleen tot ons eie nadeel, alleen tot verarming van ons eie geestelike besit sal ons daardie erfenis verwaarloos of vergeet.

As derde deel van ons erfenis kan die lewenspatroon en orde genoem word wat die vadere ons nagelaat het. 'n Patroon en 'n orde wat diep ingeweef is in die hart en lewe van ons as kerkmense en as Afrikaners. Op 'n dag soos vandag kan ons daarvoor dankbaar wees dat so veel van wat ons kerk as beginsels van 'n regverdige samelewingsorde vir almal hier in Suider-Afrika gestel het, al deel van ons samelewingsorde geword het. Met dankbaarheid kan hier, om één besondere geval te noem, verwys word dat geweldig baie van die huidige owerheidsbeleid van eiesoortige ontwikkeling gebaseer is op die visie wat ons kerk van sy vroegste dae gehuldig en voorgehou het. Só sou meer voorbeelde genoem kan word om aan te toon dat die lewenspatroon wat ons geërf het nie ontstaan het vanweë 'n reeks toevallighede nie maar in sy uitwerking èn oorsprong gevorm is deur die christelike geloof.

Hierdie drie momente, die kerk, die belydenisskrifte, die lewenspatroon, kan as die drie belangrikste momente van ons kerklike, geestelike en kulturele erfenis aangedui word, 'n erfenis wat beskou kan word as deel van die kompas waarmee ons in die hede ons pad na die toekoms suiwer wil hou.

Nou is dit egter so dat dit juis hierdie erfenis van die Afrikaner is wat in ons dae nie alleen sterk onder 'n vraagteken geplaas word nie maar wat ook aktief aangeval word. Terwyl dit gestel word, is dit miskien goed om daaraan te dink dat dit 'n menslike neiging is om die gevare en bedreigings van die eie tyd as die grootste gevare van alle tye te bestempel. Laat ons egter besef dat elke tyd van die geskiedenis sy eie gevare, uit-

dagings en probleme gehad het en dat dit vir 'n groot deel aan die vashoudendheid van die vadere te danke is dat daardie contra-magte nie die oorhand gekry het nie. Maar dit bly in ieder geval waar dat elke geslag opnuut weer, op sy eie manier, die geestelike erfenis van die verlede moet aanvaar en verwerk en daarvaar moet stry om dié geestesbesit ongeskonde, na sy essensie, oor te dra aan die volgende geslag. Nou stel ons tyd op sy manier sy eise aan ons, maar dit beteken nié dat ons die eerstes in die geskiedenis is wat beproef of aangeval word nie. Dáárom moet ons ons nie verknies oor die aanvalle of die beproewinge nie maar eerder duidelikheid kry oor welke beginsels op die spel is en hoe ons weerbaar teen die aanvalle sal wees en hoe ons gekoördineerd dié aanvalle kan afslaan.

Daarvoor is natuurlik ook nodig dat die aanval en die aanvaller geïdentifiseer sal word. Dit is makliker gesê as gedaan want enige stryd wat, soos hierdie een, gevoer word om die geestesinhoud van die kerk en die volk is altyd 'n gekompliseerde aangeleentheid wat verskillende fasette het. Die aanval wat ons vandag beleef en wat in hoofsaak 'n aanval van daardie ideologie is wat ons kortweg en populêr beskryf as **die hedendaagse liberalisme,** is beslis nie 'n enkelvoudige aangeleentheid nie. Hierdie linkse ideologie, of soos dit ook aangedui kan word, geestesbesetenheid, wat as één van die dekadensie-verskynsels van die Europees-Amerikaanse geesteslewe beskryf kan word, het ook by ons sy verskyning gemaak met sy negatief-afbrekende aanvalle op die basiese waardes en lewenspatroon van ons christelik-nasionaal gevormde lewenshouding en net soos elders is dit met sy sosialistiese en holistiese tendense 'n uitnemende wegbereider vir die fanatieke anti-christelike en anti-westerse kommunisme. In essensie is hierdie aanval wat ons beleef, netsoos die ander wat ons kerk en volk al deurstaan het, dieselfde. Dit is 'n poging om ons los te maak van ons geloof soos dit uitgedruk staan in die belydenisskrifte van die kerk; dit wil ons losmaak van ons diens van God en ons oorgawe aan die leiding van die Woord van God. Daarvandaan gaan die aanslag verder en rig hom op die geheel van die lewe van die volk in die poging om die geestelik-kulturele basis van die volksbestaan te verkrummel. Want alleen as ons losgemaak is van ons geloof, ons kerk en ons geërfde lewenspatroon kan ons omvorm word tot iets wat ons nog nooit was nie. Hierdie soort aanslag word vandag op 'n verbete wyse teen ons gevoer vanuit die buiteland maar ook binnelands en die slagoffers wat al in hierdie stryd geval het asook diégene wat oorgeloop het na die kamp van die aanvaller, het al hulle veskyning in ons land gemaak.

Die verweer, die antwoord op hierdie aanslag, is nie ongekompliseerd nie. Maar in wese is dit nie so moeilik nie. In die eerste plek moet die aanval en die aanvaller geïdentifiseer word en moet duidelikheid verkry word oor die vraag wat die inhoud en omvang van die aanval is en wie die aanval voer. Hierdie negatiewe taak sal opgevolg moet word deur die soek na 'n afdoende verweer teen hierdie aanvalle. Die antwoord op hierdie aanvalle sal primêr die antwoord van die geloof in die Drieënige God wees, dié God wat Hom laat ken deur Sy Woord en wat in die verlede ons volk gelei en gerig het. Die antwoord sal ons moet vind in ons geloof en in gehoorsaamheid aan die Woord van God soos dit in die belydenisskrifte saamgevat is. Daarnaas sal ons die antwoord moet vind in die basiese beginsels van die lewenshouding en patroon wat ons geërf het. Dáárdie beginsels en die vashou daaraan, die uitbou daarvan het aan die Afrikaner en sy samelewingsorde daardie besondere aard gegee wat ons gewoonlik kortweg as Christelik-nasionaal aandui. Dit wil sê 'n karakter wat gevorm, gekorrigeer en gebou is deur die Christelike geloof van die Afrikaner.

Wanneer ons so teenoor die aanslag van die hedendaagse liberalisme en alles wat dit inhou, die antwoorde, die geestelike wapens gevind het om ons weerbaar te maak teen hierdie aanval, dan moet ons ook baie duidelik besef dat ons hier in 'n stryd om lewe en dood betrokke geraak het — 'n stryd terwille van die Waarheid, terwille van die geestelik-kulturele erfenis van kerk en volk, terwille van die siel van die volk. Want dit is juis 'n kenmerk van die hedendaagse liberalisme dat, hoewel dit opgekom het in die geestelik-kulturele lewe van die Christelik-westerse wêreld, dit primêr daarop uit is om juis die Christelik-westerse wêreld uit te lewer aan die magte wat die ondergang daarvan begeer. Soos dit reeds êrens gestel is, kan die liberalisme vergelyk word met „the cells of a cancer in revolt against the organism that gave them being".

Hierdie stryd wat deur die liberalisme van vandag ons aangesê is, is 'n stryd wat ons as Afrikaner of as kerk nié self gesoek het nie. Maar ons sal hierdie stryd alleen kan vermy as ons bereid is om óf onvoorwaardelik te kapituleer óf om selfmoord te pleeg. Ons moet besef dat hierdie stryd gevoer word met geestelike wapens omdat dit nou nog in hoofsaak 'n poging is om die geestesinhoud van ons as kerkmense en Afrikaners te omvorm. In hierdie stryd sal, getrou na die aard van die hedendaagse liberalisme, gebruik gemaak word van begrippe en gedagtes wat vir ons waardevol is en daarom sal 'n gevolg van

die stryd ook verwarring en onduidelikheid by vele wees. Daarom is dit so nodig dat ons gewapen met **kennis** hierdie stryd sal voer. Kennis van ons eie waardes, ons eie geestesbesit, ons eie geestelik-kulturele erfenis, maar óók kennis van die aanvaller, sy denke, sy geestesinhoud en motivering. Want alleen as ons die aanval en die aanvaller duidelik geïdentifiseer het, sal ons duidelik besef waarmee ons te make het. Dit is ook nodig om te weet dat ons met 'n meedoënlose aanval te make het, 'n stryd waarin die aangevallene nié gespaar sal word nie, 'n stryd waarin van elke moontlike taktiek en tegniek gebruik gemaak sal word.

Vandaar die noodsaaklikheid dat elkeen van ons 'n verweer teen hierdie aanval sal moet vind. Daardie verweer, die geestelike wapens, sal ons vind, so wil ek weer beklemtoon, in die hele ryke erfenis op kerklike, geestelike en kulturele vlak wat ons nagelaat is. Vanuit die basis van ons geestelike erfgoed sal ons hierdie aanslag wat gemaak word, kan weerstaan. Dit wil nié sê dat ons al die antwoorde gereed en klaar in die verlede sal vind nie, maar dit beteken wel dat ons, uitgaande van dit wat ons gegee is, in die hede geestelik ons wapens sal kan smee om die aanval nie net af te slaan nie maar ook te oorwin.

'n Verdedigende stryd teen die aanval wat geloods is, is nie die enigste wat van ons gevra word nie. Ons sal voortdurend die toekoms in gedagte moet hou. Dit beteken dat ons nie alleen beskermend ons geestelik-kulturele erfenis moet bewaar nie, maar ook dat ons dit in die hede bruikbaar moet maak en dat ons sal moet voortbou op wat ons ontvang het. Deur ons lewe en ons dienswerk, deur ons trou aan die kerk moet ons 'n toevoeging maak tot ons erfenis sodat ons die opkomende geslag ook die positiewe resultate van ons stryd kan nalaat. Met toewyding aan ons taak, met waaksaamheid teenoor die aanvaller en met hardwerkendheid sal ons as gemeente en kerk ons weg vorentoe moet baan. As ons in die hede in verantwoordelikheid teenoor die verlede en die toekoms wil lewe, sal ons hier nooit met slap arms en lam knieë kan staan nie. Ons sal ons dienswerk met ywer, toewyding en geesdrif moet volvoer.

Terselfdertyd weet ons dat juis vanweë dit wat ons glo, ons met geruste blymoedige harte die toekoms tegemoet kan gaan. Hoewel die lewensomstandighede van hierdie tyd hoë eise aan kerk en volk stel en nog sal stel, is dit nog géén rede waarom ons sal moet wyk van die weg wat ons tot hiertoe gegaan het nie, waarom ons ons trou aan ons kerk, sy belydenisskrifte of sy beleid moet verslap nie. Laat ons besef, die maak van

toegewings of die soek na kompromieë om die druk vir 'n oomblik te verlig, het nooit in die verlede enige gunstige voordele vir die kerk of die volk opgelewer nie. As ons as kerkmense en as Afrikaners ons selfrespek wil behou, as ons die toekoms wil tegemoetleef in kontinuïteit met ons verlede dan is daar geen maklike uitvlugte of spoedige oplossings nie. Dan beteken dit dat ons, gedra deur ons geloof in die leiding van God deur Sy Woord en Gees, sal voortgaan soos in die verlede terwyl ons daarvan oortuig is dat die Here God ons nié alleen sal laat nie.

In hierdie vyf-en-sewentigste jaar na die stigting van die gemeente Wolmaransstad is dit duidelik dat die gemeente onverkort en onverminderd sy plek in die breëre kerkbestel en in die volkslewe sal moet volstaan met volle inagneming van die tye en die omstandighede. En as daar in die verlede vir die gemeente 'n voorbeeld opgesluit lê dan is dit die feit dat die gemeente in die moeilike beginjare van sy bestaan, standvastig en trou was. Dit was moontlik nie alleen omdat daar onder die ouderlinge leiersfigure was nie maar ook omdat elke lidmaat in dáárdie omstandighede nie alleen die omstandighede geken het nie maar ook hulle verantwoordelikhede besef het. Dáárom het 'n Nederduitsch **Hervormde** gemeente in Wolmaransstad bly bestaan, nieteenstaande verwarring, verdeeldheid en stoflike probleme wat ontstaan het. Omdat die gemeente geestelik weerbaar was, onwrikbaar in sy lojaliteit en groot in offerbereidheid het die gemeente onder Gods hand bly voortbestaan en ook gegroei na inhoud en omvang. Die opmerklike van hierdie gemeente, netsoos van die kerk in die breëre gesien, was die vasberadenheid om die geërfde geestelike en stoflike besit te bewaar èn uit te bou. As daar ooit 'n tyd was toe dit duidelik geword het dat die Here God nie sy hand van die kerk van ons vadere teruggetrek het nie dan was dit seker in dié jare wat voor, tydens en nà die beginjare van die gemeente gelê het. Nieteenstaande stryd, predikantegebrek, verdeeldheid en verstrooiing het die kerk bewaar gebly.

Uit hierdie herinnering is dit in ons tyd onmiddellik duidelik dat die gemeente tans weer alleen weerbaar sal wees as elkeen op geestelike, kulturele en stoflike vlak sy volle verantwoordelikheid sal besef èn sal uitvoer. Te veel is ons miskien vandag geneig om die handhawing van ons geestesbesit, die weerbaarheid teenoor die vyande van gemeente en kerk, die uitbouing van ons geestelik-kulturele erfenis aan enkelinge onder ons oor te laat. Die geestelike gemaksug, die suigkrag van die versoeking om die stoflike na te jaag, is miskien een van die

redes hiervoor. Maar as daar ooit 'n tyd was dat nie net hierdie gemeente nie, maar ons almal, weer sal besef waar die prioriteit lê in ons stryd om voortbestaan as kerk van Jesus Christus, dit is dit juis vandag.

Dit is deel van ons taak as Christus-belydende kerk en gemeente om ons regmatige plek in te neem in die vuurlinie teenoor die aanval wat daarop gemik is om ons van ons Bybels-reformatoriese geloof, ons geestelike en stoflike erfenis te vervreem. Ook hier sal die gemeente, in al sy geledinge, sy regmatige aandeel moet neem om nie net die gemeente uit te bou nie maar om ook die Christelik-nasionale strewe van ons volk op alle vlakke van die lewe te steun, te stimuleer en te rig. Die kerk lewe nie in 'n lugleegte nie maar in die midde van die lewe van die volk wat hy dien met die evangelieverkondiging en die taak van die kerk is ook om, teenoor dié magte wat die evangelie wil smoor, die evangelie onverskrokke uit te dra en om toe te sien dat die volk in sy lewe die gehoorsaamheid aan dié evangeliewoord nie verwaarloos nie. Die lewende verlede kan die gemeente leer dat die kerk nooit los van of onverskillig teenoor die Afrikanervolk gestaan het nie — hoe sal ons dan vandag as gemeente of as kerk ons afsydig hou? Daarom juis die noodsaak dat elke lidmaat in hierdie tyd sal toesien dat hy weet wáárom dit gaan en sy taak, sy opdrag, sy dienswerk nougeset sal nakom.

Op hierdie dag, waarop ons die bestaan, voortbestaan en groei van hierdie gemeente feestelik vier, moet ons onsself opnuut toewy aan ons taak as gelowiges, as kerkmense en as Afrikaners. Laat ons die verlede lewend in herinnering hou sodat ons seker sal wees langs watter pad ons tot hier gekom het. Laat ons die hede, met sy uitdaging en stryd, nie agteloos beleef nie. Laat ons liewer, deur toewyding, seker maak dat ons ons eie tyd ken, sy uitdagings en gevare, en laat ons dan soos bouers in hierdie tyd aan die toekoms werk. Al moet dit dan ook beteken dat ons met die swaard in die een hand en die troffel in die ander moet staan. Laat ons ons geërfde geestes- en kulturele besit nie net ongeskonde bewaar nie, maar laat ons dit uitbou en dinamies uitdra. Maar laat ons bowe-al God Drie-enig smeek dat Hy Sy hand oor ons uitgestrek hou, dat Hy, soos in die verlede, ons kerk en volk sal lei en dat Hy sy beloftes aan ons waar sal maak. As ek hier 'n woord van dr. H. C. M. Fourie mag parafraseer: As ons alles gedoen het wat ons moes doen en wat ons, in hierdie omstandighede ook verplig is om te doen, dan kan ons die toekoms met 'n rustige geloof in die hande van die Here, onse God, laat.